basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2020

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

**KYLIAN MBAPPÉ**
**Die sokkerspeler met die goue voet én 'n goue hart!**

1 Kylian Mbappé is nie net die duurste tienersokkerspeler ter wêreld nie; hy is ook by FIFA se 2018 Wêreldbeker-sokkertoernooi in Rusland as die Jong Speler van die Toernooi aangewys.


[Bron: World Soccer Images]

2 Kylian het in 'n sportmal gesin in Bondy, 'n voorstad van Parys, Frankryk, grootgeword. Sy pa was 'n sokkerafrigter by AS Bondy waar Kylian se sokkerloopbaan begin het. Sy ma was 'n handbalspeler.

3 Sokker was van kleintyd af Kylian Mbappé se passie. Hy onthou dat hy as kind miniatuur-doelhokke in die huis opgestel het. Hy het ook sy kop kaal laat skeer, soos die speler, Zinedine Zinedane, s'n. Sy kamermure was vol foto's van sy held, Cristiano Ronaldo, en hy het daarvan gehou om FIFA se videospeletjie te speel.

4 Die sokkerwêreld het voor 2018 al van Kylian se bestaan geweet. Dit was voor sy sewentiende verjaardag in 2015 toe hy sy debuut in Monaco se eerste span gemaak het. Nadat hy sy eerste doel aangeteken het, het hy Thierry Henry se plek as die klub se jongste doelskieter ingeneem. In die twee seisoene daarna het hy nog 40 doele aangeteken. Dit het Paris Saint-Germaine (PSG) se aandag getrek en hulle wou Kylian hê.

5 Dié skatryk Franse klub het vir Monaco groot geld vir die doelskopper, wat toe 18 was, aangebied. Die hele proses om Kylian van Monaco na PSG oorgeplaas te kry, het amper R2,8 miljard gekos. Dit maak Kylian die duurste tienersokkerspeler ter wêreld. Dit het ook beteken dat Kylian weer na sy geboorteland kon teruggaan.

6 In 2018 het Kylian as 'n jong speler na die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Rusland gegaan. Hy was opgewonde om teen die bestes in die sokkerwêreld te speel. Baie mense het gesê dat die bloedjong Kylian Mbappé 'n speler was om dop te hou en hulle was in die kol! Hy het vier doele in die toernooi aangeteken: een teen Peru, twee teen Argentinië en die laaste doel in die finale wedstryd. Dit is hoekom FIFA hom as die Jong Speler van die Toernooi aangewys het.

7 Toe Kylian die bal tydens die eindstryd verby die Kroasiese doelwagter tot agter in die net skop, het hy maar die tweede tiener in sokkergeskiedenis geword wat 'n doel in 'n Wêreldbekereindstryd aanteken. Só het hy Frankryk gehelp om Kroasië met 4–2 te wen en het hy Rusland as 'n súperster verlaat!

8 "Welkom in die klub," het Brasilië se Pelé ná Frankryk se oorwinning getwiet. Pelé was ook maar net 18 toe hy twee keer in 1958 se Wêreldbekereindstryd 'n doel aangeteken het. "Dis lekker om geselskap te hê. As Kylian so aanhou om my rekords te ewenaar, sal ek my stewels moet afstof …," het Pelé verder getwiet.

9 Dié jong Franse speler word nou die tiener-met-die-wêreld-aan-sy-voete genoem. Hy word reeds met die legende van Argentinië, Lionel Messi (31), en die Portugese ster, Cristiano Ronaldo (33), vergelyk. 'n Mens kan amper nie dink dat 'n 19-jarige dit kon regkry nie.

10 Om op só 'n jong ouderdom reeds soveel sukses te behaal, hou nie nét voordele in nie. Byvoorbeeld, Kylian is nog aan die begin van sy loopbaan, maar hy het reeds die top bereik. Hy kan ook nêrens meer gaan nie, of die mense hardloop na hom toe. Derdens was Kylian ook nog so besig om 'n wêreldsuperster te word, dat hy nie eens tyd gehad het om 'n rybewys te kry nie. Sy familie moet hom steeds vat waar hy wil wees.

11 Vir die wêreld is hy die volgende Lionel, Cristiano, Thierry of selfs Zinedine. Vir die kinders van Bondy is hy iets veel meer. Die buurt was bekend vir sy geweld en dwelmmisbruik, maar Kylian het gehelp om hierdie beeld te verander. Vir die kinders van Bondy is Kylian die lewende bewys dat enige iets moontlik is as jy hard genoeg oefen.

12 Kylian sal nie net vir sy sokkerprestasies onthou word nie, maar ook vir sy vrygewige hart. Hy het al die geld wat hy tydens die Wêreldbekertoernooi gekry het (baie meer as R4 miljoen), vir 'n organisasie wat siek en gestremde kinders gratis afrig, gegee.

13 Kylian Mbappé verdien dit om die tiener met die goue voet én 'n goue hart genoem te word.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 26 Julie 2018]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waar is die 2018 Wêreldbeker-sokkertoernooi gehou? (1)

1.2 Waarom word Kylian se gesin "sportmal" genoem? Gee TWEE feite uit die leesstuk. (2)

1.3 Wie was Kylian se TWEE groot sokkerhelde uit sy kinderdae? (2)

1.4 Waarom onthou mense Kylian se debuut in Monaco se eerste span? (1)

1.5 Hoe weet ons dat Monaco Kylian nie maklik laat gaan het nie? (1)

1.6 "In 2018 het Kylian as 'n jong speler na die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Rusland gegaan." (Paragraaf 6)

1.6.1 Baie mense het gedink dat Kylian goed sou speel. Skryf DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit die teks neer wat vir ons sê dat hierdie mense nie verkeerd was om so te dink nie. (1)

1.6.2 Hoeveel doele het Kylian in 2018 in Rusland aangeteken? (1)

1.7 Kylian word reeds met Argentinië se Lionel Messi en Portugal se Cristiano Ronaldo vergelyk. (Paragraaf 9)

1.7.1 Vir watter land het Kylian in FIFA se 2018 Wêreldbeker-sokkertoernooi gespeel? (1)

1.7.2 Waarom is dit moeilik om te glo dat hy met Messi en Ronaldo vergelyk word? (1)

1.7.3 Watter prestasie het Kylian behaal wat Messi en Ronaldo nie kon regkry nie? (1)

1.8 Lees weer paragraaf 8.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As Pelé sê: "Welkom in die klub" (erken hy Kylian se prestasies/probeer hy Kylian na 'n ander sokkerklub lok). (1)

1.9 Dit is moontlik dat Pelé in die toekoms saam met Kylian in 'n Wêreldbeker-toernooi sal kan speel.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Kylian is reeds as 'n tiener 'n superster. Noem TWEE nadele wat dit vir hom inhou. (2)

1.11 "Vir die wêreld is hy die volgende Lionel, Cristiano, Thierry of selfs Zinedine." (Paragraaf 11)

Waarom is dit 'n MENING en nie 'n feit nie? (1)

1.12 Noem EEN sosiale probleem wat die kinders van Bondy in Frankryk beleef. (1)

1.13 Wat kan die kinders van Bondy uit Kylian se sukses leer? (1)

1.14 Waarom is dit gepas dat mense sê dat Kylian 'n "goue hart" het? (1)


1.15 Waarom is daar 'n foto by die artikel? (1)

1.16 Gee TWEE redes waarom Kylian ná die 2018 Wêreldbekertoernooi onthou sal word. (2)

1.17 Na jy hierdie artikel gelees het, hoe voel jy oor sokkerspelers? (1)

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: SPOTPRENT**




[Verwerk uit *Die Burger*, 10 Januarie 2018]

1.18 Waarvoor staan die mense in die tou en wag? (1)

1.19 Hoe beeld die spotprenttekenaar visueel uit dat die studente al baie lank in die tou staan? (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord (A–D) neer.

Die man agter die tafel gebruik die aanspreekvorm "Boet", want ...

A hy is familie van die jongman wat voor hom sit.
B hy ken die jongman wat voor hom sit, persoonlik.
C só spreek Afrikaanse mense 'n jongman dikwels aan.
D die jongman het nie sy aansoekvorms volledig ingevul nie. (1)

1.21 "Boet, wag vir die dag dat jy vir werk aansoek doen."

1.21.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.21.1) en die antwoord neer.

Die boodskap wat die man aan die jongman oordra, is (positief/negatief). (1)

1.21.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.21.1. (1)

1.22 Waarom, dink jy, praat die twee dames wat in die kantoor werk, glad nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Jy wil graag 'n nuwe taal aanleer. Jy luister na 'n praatjie oor die radio daaroor. Jy maak aantekeninge oor die sewe belangrike feite om te onthou as jy 'n nuwe taal wil aanleer.

### INSTRUKSIES

1. Skryf die SEWE belangrike feite om te onthou as jy 'n nuwe taal wil aanleer, puntsgewys neer.
2. Nommer die feite van 1 tot 7.
3. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
4. Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**HALLO, THOBELA, SAWUBONA**

Dit is goed om meer as een taal te kan praat, maar daar is dinge waaraan jy moet dink as jy 'n nuwe taal wil aanleer.

'n Nuwe taal kan op enige ouderdom aangeleer word. Kinders leer wel tale maklik aan, maar dit beteken nie dat jý te oud is om dit ook te kan doen nie.

Wil jy net iemand in sy eie taal kan groet of wil jy ernstig met jou buurvrou kan gesels? Voor jy enige taalkursus kies, moet jy besluit wat jy met die taal wil doen.

As jy die nuwe taal wil aanleer, moet jy dit eers leer praat voordat jy dit probeer skryf of lees. Onthou jy nie dis hoe jy kleintyd jou moedertaal leer praat het nie?

Wonder jy of jy slim genoeg is? Die aanleer van 'n taal het niks met slimwees te make nie. As jy genoeg tyd aan die nuwe taal bestee, sal jy dit bemeester. Verder is dit ook belangrik om, terwyl jy die taal aanleer, elke kans te gebruik om die taal te praat. Dit sal jou help om met selfvertroue te praat.

Luister na liedjies in die taal wat jy aanleer en probeer saamsing en die woorde onthou. Dit maak nie saak dat jy vals sing of die wysie verloor nie. Dis die woorde wat tel!

Nadat jy jou kursus voltooi het, moet jy aanhou om die nuwe taal te praat. As jy dit nie doen nie, gaan jy die nuwe taal gou weer vergeet.

[Verwerk uit *SARIE*, Oktober 2018]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**

***Kom na Thandeka* vir**
(3.1)**(tradisioneel) drag ...**




(3.2) **G-r-o-o-t winskope eerskomende Saterdag!**





**Mans en dames is welkom!**

**Thandeka waarborg stergehalte diens:**
- Sy maak presies wat jy wil hê!
- Die klere is netjies en (3.3) (goedkoop).
- (3.4) Daar is 'n verskeidenheid material.
- Daar is baie patrone (3.5) (uit wat/waaruit) jy kan kies.
- Jy kan kies en keur tussen al die bykomstighede vir oud en jonk.
- Die winkel is skoon en netjies.
- (3.6) (Besigheid+ure): 07:30–20:00





(3.8) **Thandeka is wyd en syd bekend.**

(3.9) Jy kom maak 'n draai by haar.

[Eie teks]

3.1 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Kom na Thandeka vir (tradisioneel) drag ... (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.2) en die letter (A–D) neer.

Met die ongewone skryfwyse van G-r-o-o-t wil die adverteerder beklemtoon dat …

A die winkel groter as baie ander winkels is.
B alles in die winkel vir grootgeboude mense bedoel is.
C klante baie groot bedrae geld by die winkel gaan bestee.
D die klere tydens hierdie uitverkoping baie goedkoop gaan wees. (1)

3.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die klere is netjies en (goedkoop). (1)

3.4 Verbeter die SPELFOUT in die sin.

Daar is 'n verskeidenheid material. (1)

3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Daar is baie patrone (uit wat/waaruit) jy kan kies. (1)

3.6 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.

(Besigheid+ure) (1)

3.7 Mense van enige ouderdom kan by Thandeka kry wat hulle wil hê.

Skryf VIER opeenvolgende woorde uit die advertensie neer wat dit vir ons sê. (1)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Thandeka is **wyd en syd** bekend" beteken dat (al die mense in die dorp/mense van oral oor) weet wie Thandeka is. (1)

3.9 Skryf die sin hieronder as 'n BEVELSIN oor.

Jy kom maak 'n draai by haar. (1)


3.10 Waarvoor sou 'n mens vir Thandeka 'n ✶ wou gee? Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit die teks neer. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit Meester.yolasite.com]

4.1 Skryf die sin in RAAMPIE 1 in die INDIREKTE REDE.

Meneer sê vir Neelsie: "Jy kom áltyd laat vir my rekenaarklas."

**Begin só**: Meneer sê vir Neelsie dat ... (1)

4.2 Gee die AFRIKAANS vir "*Sorry*". (1)

4.3 Hoekom is dit aanvaarbaar dat Meneer van "*games*" praat? (1)

4.4 Noem EEN visuele teken in RAAMPIE 2 wat vir ons sê dat Meneer geïrriteerd is met al die goed wat hy van Neelsie weet. (1)

4.5 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNENDE VORM.

Neelsie doen áltyd sy eie werk. (1)

4.6 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Meneer is kwaad vir Neelsie. Hy doen nie sy werk nie. (omdat) (1)

4.7 Met watter woord beklemtoon Meneer dat Neelsie gereeld dinge doen wat verkeerd is? (1)

4.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (4.8.1 en 4.8.2) en die antwoorde neer.

In RAAMPIE 1 lyk Neelsie (4.8.1) (jammer/verveeld) en in RAAMPIE 3 lyk Neelsie (4.8.2) (anders/dieselfde). (2)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.9) en die letter (A–D) neer.

Watter IDIOOM pas die beste by Neelsie se reaksie op die dinge wat Meneer vir hom sê?

.

A Agteros kom ook in die kraal.
B Dit is water op 'n eend se rug.
C Van lekker lag, kom lekker huil.
D Hy pluk die vrugte van sy harde werk. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**MANDELA-KOEK HELP KANKERLYERS**

Altesaam 1 200 eiers en 625 (5.1.1) (kilogram) droë bestanddele is gebruik om die wêreld se grootste Nelson Mandela-koek te skep.

Dié koek het meer (5.1.2) (dan/as) 750 kilogram geweeg. Ses bakkers het vyf dae gewerk om die koek vir Cupcakes of Hope te (5.1.3) (bak). Die (5.1.4) (voltooi) koek is in die Sandton City-winkelsentrum uitgestal.

(5.1.5) Cupcakes of Hope doen elke jaar iets vir kinders met kanker. Hierdie koek is gebak om Mandela se geboortedag 'n (5.1.6) (honderd jaar) gelede te vier.

Sandy sê sulke (5.1.7) (geleentheid) is spesiaal. Mandela se kleinkinders was ook daar. Dit het die dag nog meer spesiaal gemaak. Mandela het gesê dat dit in mense se hande is om 'n verskil in (5.1.8) (…) eie gemeenskap te maak.

Die mense van Cupcakes of Hope doen die (5.1.9) (goed) wat hulle kan om 'n verskil in die gemeenskap te maak. Hulle wil 'n (5.1.10) (inspireer) vir meer mense wees om Cupcake-engele te word. Dit maak 'n mens baie (5.1.11) (ongelukkig).

'n Kankerlyertjie se ma was daar (5.1.12) (die organisasie vir hulle werk bedank).

(5.1.13) Cupcakes of Hope het gelede jaar 'n wêreldrekord vir die hoogste kolwyntjietoring opgestel. Dit was nie 'n klein (5.1.14) (toring) nie. Dit het 10,7 m hoog gestaan.

[Verwerk uit *Beeld*, 28 Julie 2018]

5.1.1 Skryf die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Altesaam 625 (kilogram) meel is gebruik om die koek te bak. (1)

5.1.2 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die koek het meer (dan/as) 3 m hoog gestaan. (1)

5.1.3 Gebruik die HOMONIEM van **bak** in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.4 Vorm 'n DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die (voltooi) koek is in die Sandton City-winkelsentrum uitgestal. (1)

5.1.5 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Cupcakes of Hope doen elke jaar iets vir kinders met kanker. (1)

5.1.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Hierdie koek is gebak om Mandela se geboortedag 'n (honderd jaar) gelede te vier. (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sandy sê sulke (geleentheid) is baie spesiaal. (1)

5.1.8 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Mandela het gesê dat dit in mense se hande is om 'n verskil in (…) eie gemeenskap te maak. (1)

5.1.9 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies

Die mense van Cupcakes of Hope doen die (goed) wat hulle kan om 'n verskil in die gemeenskap te maak. (1)

5.1.10 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die woord tussen hakies.

Hulle wil 'n (inspireer) vir meer mense wees om Cupcake-engele te word. (1)

5.1.11 Gee 'n ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Dit maak 'n mens baie (ongelukkig). (1)

5.1.12 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

'n Kankerlyertjie se ma was daar (die organisasie vir hulle werk bedank). (1)

5.1.13 Verbeter die foutiewe WOORDKEUSE in die sin.


Cupcakes of Hope het gelede jaar 'n wêreldrekord vir die hoogste kolwyntjietoring opgestel. (1)

5.1.14 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Dit was nie 'n klein (toring) nie. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Bron: Google images]

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die winkelbestuurder wag vir die laaste (besoekers/klante) om die winkel te verlaat. (1)

5.2.2 VOLTOOI die sin.

Ons gebruik die … om te kyk waar elke land in die wêreld is. (1)

5.2.3 Gee die PERSOONSNAAM van die woorde tussen hakies.

Die hotel se (persoon wat die kos maak) dra elke dag 'n skoon uniform. (1)

5.2.4 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Die (verpleegster) het die dokter se verslag in haar hand. (1)

5.2.5 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken.

Die dame sê: "Meneer hier is u geskenk." (1)

5.2.6 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Ons moet altyd 'n geskenk (waardeur/waardeer). (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou